



DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 15c OORSEE 20c

PRICE: S.A. 15c OVERSEAS 20c

VOL. 223

PRETORIA 27 JUNIE  
27 JUNE, 1979

4028

No. 123 (Administrateurs-), 1979.

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 2454, geleë in die dorp Three Rivers Uitbreiding 1, Registrasie Afdeling I.Q., Transvaal, gehou kragtens Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel T32108/1978, voorwaarde C(a) in die gemelde Sertifikaat wysig om soos volg te lui:

“(C)(a) The erf shall be used for business purposes only, except that offices or consulting rooms may be erected above the business premises. The main building on the erf shall be not more than four storeys in height. The coverage for shop premises shall not exceed 75 per cent of the area of the erf and that for offices or consulting rooms, erected thereon, shall not exceed 60 per cent of the area of the erf.”

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 7de dag van Mei, Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provinsie Transvaal.  
PB. 4-14-2-1302-8

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 631 27 Junie 1979

REGULASIES BETREFFENDE DIE BESTUURSKOMITEE WAT VIR DIE INDIËRGROEPSGEBIED VAN ACTONVILLE IN DIE REGSGEBIED VAN DIE STADSRAAD VAN BENONI INGESTEL IS: WYSIGING.

Ingevolge die bepalings van artikel 4 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegd-hede), 1962 (Ordonnansie 22 van 1962), wysig die Administrateur, met die goedkeuring van die Minister van Indiërsake, hierby die Regulasies betreffende die Bestuurskomitee wat vir die Indiërgroepsgebied van Actonville in die regsgebied van die Stadsraad van Benoni ingestel is; afgekondig by Administrateurskennisgewing 2023 van 22 November 1972 soos in die Bylae hierby uiteengesit.

No. 123 (Administrator's), 1979.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 2454, situate in Three Rivers Extension 1 Township, Registration Division I.Q., Transvaal, held in terms of Certificate of Consolidated Title T32108/1978, alter condition C(a) in the said Certificate to read as follows:

“(C)(a) The erf shall be used for business purposes only, except that offices or consulting rooms may be erected above the business premises. The main building on the erf shall be not more than four storeys in height. The coverage for shop premises shall not exceed 75 per cent of the area of the erf and that for offices or consulting rooms, erected thereon, shall not exceed 60 per cent of the area of the erf.”

Given under my Hand at Pretoria, this 7th day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province Transvaal.  
PB. 4-14-2-1302-8

## ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 631 27 June, 1979

REGULATIONS CONCERNING THE MANAGEMENT COMMITTEE ESTABLISHED FOR THE INDIAN GROUP AREA OF ACTONVILLE IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE BENONI TOWN COUNCIL: AMENDMENT.

In terms of the provisions of section 4 of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962 (Ordinance 22 of 1962), the Administrator hereby, with the approval of the Minister of Indian Affairs, amends the Regulations concerning the Management Committee established for the Indian Group Area of Actonville in the area of jurisdiction of the Benoni Town Council, promulgated under Administrator's Notice 2023 of 22 November, 1972, as set out in the Schedule hereto.

## BYLAE.

1. Regulasie 3 word hierby gewysig deur subregulasies (2), (3), (4) en (5) deur die volgende subregulasies te vervang:

“(2) Elke opvolgende komitee bestaan uit die getal, maar nie minder nie as vyf, lede wat dié Administrateur, na oorlegpleging met die Raad, bepaal en daardie lede word ingevolge die bepalings van hierdie regulasies verkies.

(3) Behoudens die bepalings van Regulasie 41, verstryk die ampstermyn van ’n verkose lid van die komitee op die dag wat die dag van die eersvolgende verkiesing voorafgaan.

(4) ’n Verkose lid wie se ampstermyn verstryk het, kan weer verkies word.”

2. Regulasie 7 word hierby gewysig deur —

(a) in subregulasie (5) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Bevoegde persone en ’n verteenwoordiger van die pers, wat nie ’n bevoegde persoon hoef te wees nie, kan, behoudens die bepalings van subregulasie (6), alle vergaderings van die komitee bywoon.”; en

(b) in subregulasie (6) die woorde “of ’n verteenwoordiger van die pers” na die woorde “bevoegde persone” in te voeg.

3. Regulasie 31 word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling na subregulasie (1) in te voeg:

“: Met dien verstande dat, na die verkiesing van Oktober 1979, ’n verkiesing al om die vyf jaar op die laaste Woensdag in Oktober gehou word.”

4. Regulasie 41 word hierby gewysig deur in subregulasie (2)(a) die uitdrukking “of 3(2)(a)” te skrap.

Administrateurskennisgewing 632 27 Junie 1979

## MUNISIPALITEIT BLOEMHOF: WYSIGING VAN MELKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Melkverordeninge van die Munisipaliteit Bloemhof, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2027 van 22 November 1972, word hierby gewysig deur subartikel (8) van artikel 14 van Deel IV deur die volgende te vervang:

“(8) Lisensiehouers van hotelle, losieshuise, restaurante, verversingsondernemers of kafees mag nie melk of melkprodukte op hulle persele ontvang, hou, opberg of gebruik nie, tensy sodanige melk of melkprodukte geproduseer is op ’n perseel ten opsigte waarvan daar ingevolge artikel 2 ’n lisensie of inbringpermit uitgereik is en moet —

(a) behalwe wanneer melk of melkprodukte opgedien word, dit in ’n koelkas in die perseel teen ’n temperatuur van hoogstens 7 °C gehou word; en

## SCHEDULE.

1. Regulation 3 is hereby amended by the substitution for subregulations (2), (3), (4) and (5) of the following subregulations:

“(2) Every succeeding committee shall consist of such number of members, but not less than five, as the Administrator may, after consultation with the Council, determine and those members shall be elected in terms of the provisions of these regulations.

(3) Subject to the provisions of Regulation 41, the term of office of an elected member of the committee shall expire on the day preceding the day of the next succeeding election.

(4) An elected member whose term of office has expired, may be re-elected.”

2. Regulation 7 is hereby amended by —

(a) the substitution in subregulation (5) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) Qualified persons and a representative of the press, who need not be a qualified person, may, subject to the provisions of subregulation (6), attend all meetings of the committee.”; and

(b) the insertion in subregulation (6), after the words “qualified persons”, of the words “or a representative of the press”.

3. Regulation 31 is hereby amended by the insertion after subregulation (1) of the following proviso:

“: Provided that, after the election of October 1979, an election shall be held on the last Wednesday in October of every fifth year.”

4. Regulation 41 is hereby amended by the deletion in subregulation (2)(a) of the expression “or 3(2)(a)”.

Administrator's Notice 632 27 June, 1979

## BLOEMHOF MUNICIPALITY: AMENDMENT TO MILK BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Milk By-laws of the Bloemhof Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 2027, dated 22 November, 1972, are hereby amended by the substitution for subsection (8) of section 14 of Part IV of the following:

“(8) Licensees of hotels, boarding-houses, restaurants, catering establishments or cafés shall not receive, keep, store or use milk or milk products on their premises unless such milk or milk products have been produced at premises in respect of which a licence or introduction permit has been granted in terms of section 2 and shall —

(a) except when milk or milk products are being served, be kept in a refrigerator on the premises at a temperature not exceeding 7 °C; and

(b) sodanige melk of melkprodukte nie aan vlieë, stof, vreemde stowwe of besoedeling van watter aard ookal blootstel nie."

PB. 2-4-2-28-48

Administrateurskennisgewing 633 27 Junie 1979

**MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LENINGS UIT DIE BEURSLENINGSFONDS.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Lenings uit die Beursleningsfonds van die Munisipaliteit Carletonville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 297 van 19 April 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 5(a) die syfer "R400" deur die syfer "R500" te vervang.

PB. 2-4-2-121-146

Administrateurskennisgewing 634 27 Junie 1979

**MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE: VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

*Woordomskrywing.*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge beteken —

"hond" 'n reun sowel as 'n teef.

"Raad" die Dorpsraad van Delareyville en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiegings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

*Belasting Betaalbaar.*

2. Niemand mag binne die munisipaliteit 'n hond wat, na die mening van die Raad, ses maande oud of ouer is, aanhou nie, tensy hy sodanige hond by die munisipale kantoor laat registreer het, en op die wyse soos hierinlater bepaal, 'n belastingkwitansie ten opsigte van sodanige hond verkry het.

*Persoon wat vir Belasting Aanspreeklik is.*

3. Vir die toepassing van hierdie verordeninge word iemand onder wie se sorg of toesig, of in wie se besit of binne wie se huis of perseel 'n hond gevind of gesien word, geag die persoon te wees wat sodanige hond aanhou, tensy hy die teendeel bewys.

(b) not expose such milk or milk products to flies, dust, foreign matter or any contamination of whatever kind."

PB. 2-4-2-28-48

Administrator's Notice 633 27 June, 1979

**CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LOANS FROM THE BURSARY LOAN FUND.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Loans from the Bursary Loan Fund of the Carletonville Municipality, published under Administrator's Notice 297, dated 19 April 1961, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 5(a) for the figure "R400" of the figure "R500".

PB. 2-4-2-121-146

Administrator's Notice 634 27 June, 1979

**DELAREYVILLE MUNICIPALITY: BY-LAWS RELATING TO DOGS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

*Definitions.*

1. For the purpose of these by-laws —

"Council" means the Village Council of Delareyville and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and, delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"dog" means and includes both a dog and a bitch.

*Tax to be Paid.*

2. No person shall keep any dog within the municipality which, in the opinion of the Council, is six months of age or older, unless he has caused such dog to be registered at the municipal offices, and obtained, in the manner hereinafter provided, a tax receipt in respect of such dog.

*Person Responsible for Tax.*

3. For the purpose of these by-laws any person in whose custody, charge or possession, or within whose house or premises any dog is found or seen, shall be deemed to be the person keeping such dog, unless he proves the contrary.

*Belastingkwitansie.*

4.(1) By betaling van die toepaslike belasting soos in die Bylae hierby voorgeskryf, ontvang elke belastingbetaler 'n kwitansie op 'n gedrukte vorm, hierna 'n belastingkwitansie genoem, wat 'n beskrywing van die hond bevat en wat deur 'n behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad onderteken moet wees.

(2) Elke belastingkwitansie hou op om van krag te wees om 24h00 op 31 Desember wat volg op die uitreikingsdatum.

*Duplikaat-Belastingkwitansies.*

5. Iemand wat 'n geldige belastingkwitansie verloor waartoe by behoorlik geregig is, kan, indien hy die Raad van sodanige verlies oortuig, 'n duplikaat daarvan verkry teen betaling van die bedrag in die Bylae hierby voorgeskryf.

*Oordrag van Belastingkwitansie.*

6. Enige geldige belastingkwitansie kan deur die houër daarvan aan 'n ander persoon oorgedra word, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (a) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, moet by die Raad aansoek doen en die oorspronklike kwitansie of duplikaat daarvan toon ten opsigte van die betrokke hond, behoorlik geëndosseer deur die oordraer, op die agterkant daarvan, dat die hond van die hand gesit is, met vermelding van die naam van die nuwe eienaar en onderteken deur die persoon aan wie oordrag gegee is, en hy moet die Raad daarvan oortuig dat aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is.
- (b) Die persoon aan wie oordrag gegee is, moet aan die Raad die toepaslike oordragsgeld in die Bylae hierby voorgeskryf, betaal.
- (c) Die gemagtigde beampte moet, indien aan bogenoemde vereistes voldoen is, die naam en adres van die nuwe eienaar op die belastingkwitansie endosseer:

Met dien verstande dat geen bepaling van hierdie artikel geag word as magtiging tot oordrag van 'n geldige belastingkwitansie om enige ander hond as die hond ten opsigte waarvan sodanige belasting oorspronklik betaal is, te dek nie.

*Vrystelling vir Honde wat aan Besoekers of Blindes Behoort of Honde wat Behandeling Ondergaan.*

7. Die volgende persone word van die bepalings van artikel 2 vrygestel:

- (a) Iemand wat buite die munisipaliteit woonagtig is en geen gereelde bedryf of besigheid binne die munisipaliteit uitoefen of daar in diens is nie, en wat 'n hond met hom binne die munisipaliteit gebring het, met die doel om 'n tydelike besoek af te lê en om sodanige hond weer met hom saam te neem, vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae vanaf die datum van sy aankoms binne die munisipaliteit.
- (b) 'n Blinde persoon wat van enige hond uitsluitend as geleide gebruik maak.
- (c) Iemand wat buite die munisipaliteit woonagtig is en wat 'n hond op enige plek binne die munisipaliteit

*Tax Receipt.*

4.(1) On payment of the appropriate tax as prescribed in the Schedule hereto, every taxpayer shall receive a receipt upon a printed form, hereinafter called a tax receipt, which shall contain a description of the dog and which shall be signed by a duly authorized officer of the Council.

(2) Every tax receipt shall cease to be effective at 24h00 on 31 December following the date of issue.

*Duplicate Tax Receipts.*

5. Any person who loses any current tax receipt to which he is properly entitled, may, upon satisfying the Council of such loss, obtain a duplicate thereof upon payment of the amount prescribed in the Schedule hereto.

*Transfer of a Tax Receipt.*

6. Any current tax receipt may be transferred by the holder thereof to another person subject to the following conditions.

- (a) The person desiring such transfer shall apply to the Council and produce the original receipt or duplicate thereof in respect of the dog in question, duly endorsed by the transferor, at the back thereof, to the effect that the dog has been disposed of, stating the name of the new owner and signed by the transferee, and shall satisfy the Council that the provisions of these by-laws have been complied with.
- (b) The transferee shall pay to the Council the appropriate transfer fee prescribed in the Schedule hereto.
- (c) The authorized officer shall, if the above requirements have been complied with, endorse the name and address of the new owner upon the tax receipt:

Provided that nothing in this section contained shall be deemed to authorize the transfer of a current tax receipt to cover any other dog other than the dog in respect of which such tax was originally paid.

*Exemptions for Dogs Belonging to Visitors or Blind Persons or Dogs Undergoing Treatment.*

7. The following persons shall be exempted from the provisions of section 2:

- (a) A person residing outside the municipality and not being engaged in a regular trade or business or employed within the municipality, who has brought any dog with him into the municipality with the intention of paying a temporary visit and or taking such dog away with him again, for a period not exceeding thirty days from the date of his arrival within the municipality.
- (b) A blind person who makes use of any dog solely as a guide; and
- (c) A person residing outside the municipality, who leaves any dog at any place inside the municipality

vir behandeling of huisvesting in 'n erkende hondehok of hondelosiesinrigting laat:

Met dien verstande dat sodanige hond uit die munisipaliteit verwyder word onmiddellik na sodanige behandeling of huisvesting of tydelike besoek voltooi is.

*Belastingkwitansie moet vir Inspeksie Vertoon word.*

8. Elkeen wat die belasting betaal het, moet te alle tye en orals waar dit redelikerwyse van hom verlang word, sy belastingkwitansie vir inspeksie toon aan enige beoorloofde beampte van die Raad.

*Skut van Honde wat Blykbaar Sonder Baas is.*

9.(1) Enige gemagtigde beampte van die Raad of enige ander persoon kan 'n hond wat losloop en blykbaar sonder baas is, tensy sodanige hond onder die bepalinge van artikel 7 val, na die skuthok neem waar sodanige hond gehou moet word totdat die persoon wat hom opeis 'n belastingkwitansie ten opsigte van sodanige hond aan die skutmeester getoon het, en aan die skutmeester die bedrag, in die Bylae hierby voorgeskryf, betaal het.

(2) Waar daar aan die halsband van 'n hond wat na die skut gebring is, die naam en adres van die eienaar daarvan of van 'n ander persoon wat daarop geregtig is, gestempel of bevestig is, moet die skutmeester onmiddellik met sodanige persoon in verbinding tree. 'n Skriftelike mededeling gepos aan die adres soos op die halsband aangedui, word geag 'n voldoende mededeling te wees vir die toepassing van hierdie artikel.

*Onopgeëiste Honde kan Verkoop of Afgemaak word.*

10.(1) Ingeval 'n hond nie deur iemand wat daartoe geregtig is binne 'n tydperk van ses-en-negentig uur, beginnende om 12h00 op die dag waarop die hond geskut is, opgeëis word nie, kan die Raad of 'n gemagtigde beampte van die Raad, die hond laat verkoop op sodanige wyse as wat die Raad of sodanige gemagtigde beampte van die Raad goeddink, en indien geen verkoping plaasvind nie, kan hy sodanige hond laat afmaak.

(2) Geen skadevergoeding is deur die Raad betaalbaar nie, of aan die eienaar of ander persoon wat op die hond geregtig is, of aan enige koper van sodanige hond ten opsigte van enige regsvordering wat kragtens hierdie artikel ingestel word.

*Gevaarlike en Aanstootlike Honde.*

11.(1) Niemand mag toelaat dat 'n hond wat gevaarlik of kwaai is of aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, of 'n loopse teef, losloop nie.

(2) 'n Gemagtigde beampte van die Raad of enige ander persoon, kan sodanige hond na die skut neem.

(3) Niemand wat aanspraak maak op 'n reu of teef wat aldus geskut is, mag dit terugeis nie tensy en totdat hy die skutgelde betaal het en skriftelik onderneem het om dit onder behoorlike beheer te hou.

*Honde mag nie Aangehits word om Persone aan te Val nie.*

12. Niemand mag, sonder redelike oorsaak —

- (a) 'n hond teen 'n persoon of dier aanhits nie; of
- (b) toelaat dat 'n hond onder sy toesig of in sy besit 'n persoon of dier aanval of vrees aanja nie.

for treatment or boarding at a recognised kennel or dog boarding establishment:

Provided that such dog is removed from the municipality immediately such treatment or boarding or temporary visit is completed.

*Tax Receipt to be Produced for Inspection.*

8. Every person who has paid the tax shall, whenever and wherever reasonably required, produce his tax receipt for inspection to any duly authorized officer of the Council.

*Impounding of Apparently Ownerless Dogs.*

9.(1) Any authorized officer of the Council or any other person may take any dog which is at large and apparently ownerless; unless such dog falls under the provisions of section 7, to the pound, where such dog shall be detained until the person claiming it produces to the poundmaster a tax receipt in respect of such dog, and pays to the poundmaster the amount prescribed in the Schedule hereto.

(2) Where there is stamped on or fixed to the collar of any dog which has been brought to the pound the name and address of the owner thereof or other person entitled thereto, the poundmaster shall immediately communicate with such person. A written communication posted to the address indicated on the collar shall be deemed to be sufficient communication for the purpose of this section.

*Unclaimed Dogs may be Sold or Destroyed.*

10.(1) In the event of any dog not being claimed by any person entitled to it within a period of ninety-six hours, commencing at 12h00 on the day when the dog is impounded, the Council or an authorized officer of the Council may cause such dog to be sold in such manner as the Council or such authorized officer of the Council may deem fit, and in the event of no sale being effected, may cause such dog to be destroyed.

(2) No compensation shall be payable by the Council either to the owner or other person entitled to the dog or to any purchaser of such dog in respect of any legal action taken in terms of this section.

*Dangerous and Objectionable Dogs.*

11.(1) No person shall permit any dog which is dangerous or vicious or suffering from any contagious or infectious disease, or any bitch on heat, to be at large.

(2) Any authorized officer of the Council or any other person may take such dog to the pound.

(3) No person claiming any dog or bitch so impounded shall be entitled to its return to him unless and until he has paid the pound fees and given a written undertaking to keep it under proper control.

*Dogs not to be Urged to Attack Persons.*

12. No person shall, without reasonable cause —

- (a) set any dog on any person or animal; or
- (b) permit any dog in his custody or possession to attack or put in fear any person or animal.

*Blaffende en Tjankende Honde.*

13. Niemand mag 'n hond aanhou wat deur aanhoudend of te veel te blaf, te tjank of te huil, die bure steur of tot oorlas is nie.

*Afmaak van Honde.*

14.(1) Die Raad of 'n gemagtigde beampte van die Raad kan, behoudens die bepalings van artikels 9 en 10 gelas dat 'n hond in onderstaande gevalle afgemaak word:

- (a) Waar dit blyk dat sodanige hond van die soort is soos beskryf in artikel 11(1) en die persoon wat op sodanige hond aanspraak maak, dit nie ingevolge artikel 11(3) mag terugeis nie: Met dien verstande dat die eienaar in elke sodanige geval in die geleentheid gestel word om, indien moontlik, gehoor te word.
- (b) Waar 'n hond wat op 'n publieke plek losloop blykbaar sonder baas is of nie opgeëis word nie.
- (c) Waar 'n hond op 'n publieke plek losloop en die eienaar of persoon wat daarvoor toesig het weier of in gebreke bly om die lopende belasting ingevolge hierdie verordeninge ten opsigte van sodanige hond te betaal.

(2) In geen geval is skadevergoeding deur die Raad aan iemand betaalbaar ten opsigte van die afmaak van 'n hond ingevolge hierdie artikel nie.

*Polisie en Beamptes van die Raad kan Persele Betree.*

15.(1) 'n Behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad kan enige perseel betree met die doel om hierdie verordeninge uit te voer of om vas te stel hoeveel honde aangehou word en om alle belastingkwitansies te ondersoek.

(2) Niemand mag sodanige beampte in die loop van sodanige ondersoek belemmer of hinder, of weier of in gebreke bly om aan hom inligting te gee, of aan hom valse inligting verstrek nie.

*Strafbepalings vir Oortreding van Verordeninge.*

16. Iemand wat enige van die bepalings van hierdie verordeninge oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigverklaring strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande.

*Herroeping van Verordeninge.*

17. Die Verordeninge Betreffende Honde van die Munisipaliteit Delareyville afgekondig by Administrateurskennisgewing 167 van 17 Maart 1937, soos gewysig, word hierby herroep.

## BYLAE.

## TARIEF VAN GELDE.

## 1. Hondebelastings.

(1) Vir elke hond, hetsy 'n reun of 'n teef, wat volgens die mening van die persoon wat aangestel is om belastingkwitansies uit te reik, van die windhond- of soortgelyke tipe is: R10.

*Barking and Howling Dogs.*

13. No person shall keep any dog which creates a disturbance or a nuisance to the neighbours by constant or excessive barking, howling or whining.

*Destruction of Dogs.*

14.(1) The Council or an authorized officer of the Council may, subject to the provisions of sections 9 and 10 order the destruction of any dog in the following cases:

- (a) Where it appears that such dog is of the type described in section 11(1), and the person claiming such dog is not entitled to its return to him in terms of section 11(3): Provided that in every such case the owner shall be given an opportunity of being heard, if possible.
- (b) Where any dog found at large in any public place appears to be ownerless or unclaimed.
- (c) Where any dog is found at large in any public place and the owner or person having custody thereof refuses or fails to pay the current tax in terms of these by-laws in respect of such dog.

(2) In no case shall any compensation be payable by the Council to any person in respect of the destruction of a dog in terms of this section.

*Police and Council's Officers to Enter Premises.*

15.(1) Any duly authorized officer of the Council may enter upon any premises for the purpose of carrying out these by-laws or for the purpose of ascertaining how many dogs are kept and of examining all tax receipts.

(2) No person shall obstruct, hinder, refuse or fail to give information or give false information to, any such officer in the course of such investigation.

*Penalties for Contraventions of By-laws.*

16. Any person contravening any of the provisions of these by-laws shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R50 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

*Revocation of By-laws.*

17. The By-laws Relating to Dogs of the Delareyville Municipality, published under Administrator's Notice 167 dated 17 March, 1937, as amended, are hereby revoked.

## SCHEDULE.

## TARIFF OF CHARGES.

## 1. Dog Taxes.

(1) For every dog, whether a male dog or bitch, which in the opinion of the person appointed to issue tax receipts, is a dog of the greyhound or similar strain: R10.

(2) Honde waarop die bepalings van subitem (1) nie van toepassing is nie.

(a) Vir elke reu en gesteriliseerde teef: R3.

(b) Vir elke teef: R5.

(3) Die belasting ingevolge subitems (1) en (2) is 'n jaarlikse belasting en is voor 31 Januarie van elke jaar betaalbaar. Met dien verstande dat waar enige hond na 30 Junie in enige jaar die ouderdom van ses maande bereik, of waar iemand 'n hond van ses maande of ouer na daardie datum begin aanhou, genoemde belasting tot die helfte verminder word en is dit binne dertig dae vanaf die datum waarop die hond die genoemde ouderdom van ses maande bereik het, of sodanige begin, al na die geval, betaalbaar.

**2. Duplikaat- en Oordrag van Belastingkwitansies.**

(1) Vir die uitreik van duplikaat-belastingkwitansies, elk: R1.

(2) Vir die oordrag van belastingkwitansies, elk: R1.

**3. Skutgelde.**

(1) Skutgeld, per hond: R1.

(2) Bewaring, per hond, per dag: R1,50.

PB. 2-4-2-33-52

Administrateurskennisgewing 635 27 Junie 1979

**MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE: VERORDENINGE INSAKE DIE VASTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE, DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING EN AFDRUKKE VAN PLANNE, DIE HUUR VAN TOERUSTING EN ALLERLEI AANGELEENTHEDE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

**Woordomskrywing.**

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

“Raad” die Dorpsraad van Delareyville en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beamppte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

**Gelde vir die Verskaffing van Inligting.**

2. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet elke applikant vir inligting uit enige van die Raad se registers die geld in Bylae I hierby voorgeskryf betaal vir enige inligting wat verskaf word. Met dien verstande dat, tensy anders bepaal word, geen bepalings hierin vervat die Raad verplig om sodanige inligting te verstrek nie. Voorts met dien verstande dat inligting wat verlang word deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, of enige Provinsiale Administrasie of plaaslike bestuur,

(2) Dogs to which the provisions of subitem (1) are not applicable.

(a) For each male dog and spayed bitch: R3.

(b) For each bitch: R5.

(3) The tax in terms of subitems (1) and (2) shall be a yearly tax, payable before 31 January of each year: Provided that where any dog reaches the age of six months after 30 June in any year, or where any person commences to keep a dog of six months or older after that date, the said tax shall be reduced by half and shall be payable within thirty days of the dog reaching the said age of six months, or such commencement, as the case may be.

**2. Duplicate and Transfer of Tax Receipts.**

(1) For the issue of duplicate tax receipts, each: R1.

(2) For the transfer of tax receipts, each: R1.

**3. Pound Fees.**

(1) Pound fee, per dog: R1.

(2) Keeping, per dog, per day: R1,50.

PB. 2-4-2-33-52

Administrator's Notice 635 27 June, 1979

**DELAREYVILLE MUNICIPALITY: BY-LAWS FOR THE FIXING OF FEES FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES, THE FURNISHING OF INFORMATION AND COPIES OF PLANS, THE HIRING OF EQUIPMENT AND SUNDRY MATTERS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

**Definition.**

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“Council” means the Village Council of Delareyville and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960).

**Charges for the Furnishing of Information.**

2. Except where otherwise provided, every applicant for information from any of the Council's records shall pay the charges prescribed in Schedule I hereto for any information furnished: Provided that nothing herein contained shall, except where otherwise provided, oblige the Council to furnish any such information: Provided further that information required by the Government of the Republic of South Africa or by any Provincial

of deur enige persoon vir statistiese doeleindes in die openbare belang of deur enige persoon ten aansien van eiendom in sy naam geregistreer of deur sy gemagtigde agent vir die doel van betaling van enige belasting of gelde wat verskuldig en betaalbaar is, kosteloos verstrekk word.

3. Uitgesonderd waar anders bepaal word, is die gelde in Bylae II hierby voorgeskryf, betaalbaar vir 'n afskrif van enige dokument in genoemde Bylae vermeld.

4. Uitgesonderd waar anders bepaal word, is die gelde in Bylae III hierby voorgeskryf, betaalbaar vir enige plan, kaart of tekening.

5. Uitgesonderd waar anders bepaal word, is die gelde in Bylae IV hierby voorgeskryf, betaalbaar vir die huur van enige toerusting van die Raad wat in genoemde Bylae vermeld word.

#### *Herroeping van Verordeninge.*

6. Die Verordeninge vir die Vasstelling van Gelde vir die Uitreiking van Sertifikate en die Verskaffing van Inligting van die Munisipaliteit Delareyville, afgekondig by Administrateurskenningsgewing 879 van 7 Julie 1971, word hierby herroep.

### TARIEF VAN GELDE.

#### BYLAE I.

##### *Uitreiking van Sertifikate en Verskaffing van Inligting.*

1. Uitgesonderd waar anders bepaal word moet elke applikant vir die uitreiking van enige sertifikaat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, of enige ander Ordonnansie wat op die Raad van toepassing is, die volgende betaal: Vir elke sodanige sertifikaat wat uitgereik word: 20c.

2. Vir die uitreiking van enige waardasiesertifikaat, elk: 20c.

3. Vir die uitreiking van enige uitklaringsertifikaat, elk: 20c.

4. Vir die insae van enige akte, dokument, diagram of desbetreffende besonderhede, elk: 25c.

5. Vir endossemente op verklaring van koper se vorms, elk: 25c.

6. Vir die uitreiking van 'n duplikaatverbruikersrekening: 25c.

7. Vir die verstrekking, volgens die rekords van die Raad, van enige inligting wat betrekking het op eiendomme geleë binne die munisipaliteit, met inbegrip van die soek na die naam of adres of beide van die eienaar ingevolge skriftelike navraag, op die wyse soos van tyd tot tyd deur die Stadsklerk bepaal: Ten opsigte van elke afsonderlike eiendom: 25c.

8. Vir een Afrikaanse of een Engelse afskrif van die skemaklousules van die dorpsbeplanningskema: R5.

9. Vir die verskaffing van eksemplare van die Raad se Verordeninge of regulasies en wysigings daarvan per elke 100 woorde waaruit so 'n verordening of stel regulasies bestaan: 10c.

(Maksimum bedrag betaalbaar ten opsigte van enige afsonderlike verordeninge of stel regulasies: R3.)

Administration or local authority or by any person for statistical purposes in the public interest, or by any person in respect of property registered in his own name or by his authorized agent for the purpose of effecting payment of any rates or fees which may be due and payable, shall be furnished free of charge.

3. Except where otherwise provided, the charges prescribed in Schedule II hereto shall be payable for a print of any plan, map or drawing.

4. Except where otherwise provided, the charges prescribed in Schedule III hereto shall be payable for the hiring of the equipment of the Council referred to in the said Schedule.

5. Except where otherwise provided, the charges prescribed in Schedule IV hereto shall be payable for a copy of any document referred to therein.

#### *Revocation of By-laws.*

6. The By-laws for Fixing Fees for the Issue of Certificates and Furnishing of Information of the Delareyville Municipality, published under Administrator's Notice 879, dated 7 July 1971, are hereby revoked.

### TARIFF OF CHARGES.

#### SCHEDULE I.

##### *Issuing of Certificates and Furnishing of Information.*

1. Except where otherwise provided, each applicant for the issuing by the Council of any certificate in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, or any other Ordinance which is applicable to the Council, shall pay the following: For each such certificate issued: 20c.

2. For the issuing of any valuation certificate, each: 20c.

3. For the issuing of any clearance certificate, each: 20c.

4. For inspection of any deed, document or diagram or any such like particulars, each: 25c.

5. For endorsements on declaration by purchaser forms, each: 25c.

6. For the issuing of a duplicate of a consumer's account: 25c.

7. For the furnishing, in accordance with the records of the Council, of any information relating to properties situated within the municipality, including the search for the name or address or both of the owner, according to written enquiry in the manner determined by the Town Clerk from time to time: In respect of each individual property: 25c.

8. For one Afrikaans or one English copy of the scheme clauses of the town-planning scheme: R5.

9. For the supply of copies of the Council's by-laws or regulations and any amendment thereof, per 100 words contained in such by-laws or set of regulations: 10c.

(Maximum amount payable in respect of any individual by-laws or set of regulations: R3.)

10. Vir enige voortdurende opsoek van inligting:
- (a) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R1,50.
  - (b) Vir elke bykomende uur of gedeelte daarvan: 75c.

**BYLAE II.**

*Afskrifte Gemaak deur Middel van Kopieermasjiene en Vlakdrukmasjiene soos Volg:*

- 1. Vir afskrifte van die Kieserslys: R1.
- 2. Vir afskrifte van of uittreksel uit enige bekragtigde notule, rekord of verrigtinge van die Raad, per afskrif van 150 woorde of gedeelte daarvan: 25c.
- 3. Vir afskrifte van enige dokument uitgesonderd die genoem in (1) en (2) hierbo:
  - (a) Fotokopie per vel: 25c.
  - (b) Meesterkopie per vel: 50c.
  - (c) Afskrifte van meesterkopie:
    - (i) Vir die eerste 200 velle, per vel: 2c.
    - (ii) Daarna per vel: 1c.
- 4. Vir die verskaffing van afskrifte van sakelyste of notules van Raadsvergaderings aan 'n plaaslike lid van die Provinsiale Raad of 'n Parlements lid, die pers of die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie of ander Provinsiale of Staatsdepartemente: Gratis.

**BYLAE III.**

*Vir Afdrukke van Enige Plan, Kaart of Tekenings, per Afdruk soos Volg:*

- 1. Dorpsplan: R5.
- 2. Bouplan, elk: R2.

**BYLAE IV.**

*Huur van toerusting:*

	<i>Per uur of gedeelte daarvan</i>
	<b>R</b>
1. Graafmasjiene	35,00
2. Padskraper	25,00
3. Vragmotor	20,00
4. Trekker toegerus met hidrouliese laaibak	12,00
5. Watertenk sleepwa	5,00
6. Sleepwa	6,00
7. Kompresor	35,00
8. Trekker	10,00
9. Sweismasjiene	10,00
10. Betonmenger	10,00
11. Grassnyer	6,00
12. Allerlei klein toerusting	5,00

Voormelde gelde sluit, waar van toepassing, brandstof en dienste van operateurs in.

10. For any continuous search for information:
- (a) For the first hour or part thereof: R1,50.
  - (b) For each additional hour or part thereof: 75c.

**SCHEDULE II.**

*Copies Made by Copying Machines and Offset Duplicator, as Follows:*

- 1. For copies of the voter's roll: R1.
- 2. For copies of or extracts from any confirmed minutes, records or proceedings of the Council, per copy of 150 words or part thereof: 25c.
- 3. For copies of any document, excluding copies referred to in (1) and (2) above:
  - (a) Photo copy, per sheet: 25c.
  - (b) Master copy, per sheet: 50c.
  - (c) Copies of master copy:
    - (i) For the first 200, per sheet: 2c.
    - (ii) Thereafter, per sheet: 1c.
- 4. For the furnishing of copies of agendas or minutes of Council meetings to a local member of the Provincial Council or a member of Parliament, the press or the South African Broadcasting Corporation or other Provincial or Government Departments: No charge.

**SCHEDULE III.**

*For Prints of Any Plan, Map or Drawing, Per Print as Follows:*

- 1. Town map: R5.
- 2. Building Plan, each: R2.

**SCHEDULE IV.**

*Hiring of equipment:*

	<i>Per hour or part thereof</i>
	<b>R</b>
1. Excavator	35,00
2. Grader	25,00
3. Lorry	20,00
4. Tractor equipped with hydraulic loading-bin	12,00
5. Water tank trailer	5,00
6. Trailer	6,00
7. Compressor	35,00
8. Tractor	10,00
9. Welding plant	10,00
10. Concrete mixer	10,00
11. Lawn mower	6,00
12. Sundry small equipment	5,00

The above charges include services of operators and fuel, where applicable.

Administrateurskennisgewing 636 27 Junie 1979

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: WYSGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Leeuwdoornstad, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2349 van 27 Desember 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in item 1—

- (a) in subitem (1)(l) die uitdrukking "met 'n belastingstroom van meer as die aangegee onder item 3(1)" te skrap;
- (b) na subitem (1)(l) die volgende by te voeg:  
" (m) Tydelike verbruikers"; en
- (c) in groep (vi) van subitem (2)(a) die syfers "5" en "3.00" onderskeidelik deur die syfers "10" en "5.00" te vervang.

2. Deur items 2, 3 en 5 te skrap en items 4, 6 en 7 onderskeidelik te hernommer 2, 3 en 4.

3. Deur item 8 deur die volgende te vervang:

"5. Toeslag.

'n Toeslag van 65% word gehef op die gelde betaalbaar ingevolge items 1 tot en met 4."

Die bepalinge in item 3 in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 1 Januarie 1979, in werking te getree het.

PB. 2-4-2-36-91

Administrateurskennisgewing 637 27 Junie 1979

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: WYSGING VAN WATERVOORSIENINGSREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsregulasies van die Munisipaliteit Leeuwdoornstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 147 van 5 Maart 1958, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tarief van Gelde onder Hoofstuk 3 soos volg te wysig.

1. Deur in subitem (1) die syfer "R1" deur die syfer "R2" te vervang.

2. Deur na subitem (3) die volgende by te voeg:

"(4) Die volgende toeslag word gehef op gelde betaalbaar ingevolge item 2(2) en (3):

- (a) Met ingang 1 Januarie 1979: 10%.
- (b) Met ingang 1 Julie 1979: 15%.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 1 Januarie 1979, in werking te getree het.

PB. 2-4-2-104-91

Administrator's Notice 636 27 June, 1979

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Leeuwdoornstad Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 2349, dated 27 December, 1972, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 1—

- (a) the deletion in subitem (1)(l) of the expression "with a load current more than those specified under item 3(1)";
- (b) by the insertion after subitem (1)(l) of the following:  
" (m) Temporary Consumers."; and
- (c) in group (vi) of subitem (2)(a) for the figures "5" and "3.00" of the figures "10" and "5.00" respectively.

2. By the deletion of items 2, 3 and 5; and the renumbering of items 4, 6 and 7 to read 2, 3 and 4 respectively.

3. By the substitution for item 8 of the following:

"5. Surcharge.

A surcharge of 65% shall be levied on the charges payable in terms of items 1 to 4 inclusive."

The provisions contained in item 3, in this notice, shall be deemed to have come into operation on 1 January, 1979.

PB. 2-4-2-36-91

Administrator's Notice 637 27 June, 1979

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply Regulations of the Leeuwdoornstad Municipality, published under Administrator's Notice 147, dated 5 March, 1958, as amended, are hereby further amended by amending item 2 of the Tariff of Charges under Chapter 3 as follows:

1. By the substitution in subitem (1) for the figure "R1" of the figure "R2".

2. By the insertion after subitem (3) of the following:

"(4) The following surcharge shall be levied on the charges payable in terms of item 2(2) and (3):

- (a) With effect from 1 January 1979: 10%.
- (b) With effect from 1 July 1979: 15%.

The provisions contained in this notice shall be deemed to have come into operation on 1 January, 1979.

PB. 2-4-2-104-91

Administrateurskennisgewing 638 27 Junie 1979

MUNISIPALITEIT MACHADODORP: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE EN HONDELISENSIES.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Honde en Hondelisen-sies van die Munisipaliteit Machadodorp afgekondig by Administrateurskennisgewing 972 van 19 Desember 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragraaf (b) van artikel 5(1) deur die volgende te ver-vang:

“(b) Honde wat ses maande oud of ouer is en waarop die bepalings van paragraaf (a) nie van toepassing is nie:

R

(i) *Reuns en Gesteriliseerde Tewe.*

- (aa) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef ..... 2,00
- (bb) Vir die tweede reun of gesteriliseerde teef ..... 4,00
- (cc) Vir elke bykomende reun of gesteriliseerde teef ..... 10,00

(ii) *Ongesteriliseerde Tewe.*

- (aa) Vir die eerste ongesteryliseerde teef ..... 8,00
- (bb) Vir die tweede ongesteryliseerde teef ..... 15,00
- (cc) Vir elke bykomende ongesteryliseerde teef ..... 20,00

(iii) Vir die toepassing van subparagraaf (i) moet 'n sertifikaat van 'n veearts ten effekte dat die teef gesteriliseer is, voorgelê word.”.

PB. 2-4-2-33-62

Administrateurskennisgewing 639 27 Junie 1979

MUNISIPALITEIT MACHADODORP: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE.

Daar die Standaard-Reglement van Orde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, deur die Dorpsraad van Machadodorp aangeneem was by Administrateurskennisgewing 19 van 2 Januarie 1975, publiseer die Administrateur hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat genoemde Raad ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie die wysiging van genoemde reglement van orde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-86-62

Administrator's Notice 638 27 June, 1979

MACHADODORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DOG AND DOG LICENCE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Dog and Dog Licence By-laws of the Machadodorp Municipality, published under Administrator's Notice 972, dated 19 December 1956, as amended, are hereby further amended by the substitution for paragraph (b) of section 5(1) of the following:

“(b) Dogs of or over the age of six months and to which the provisions of paragraph (a) do not apply:

R

(i) *Male Dogs and Spayed Bitches.*

- (aa) For the first male dog or spayed bitch ..... 2,00
- (bb) For the second male dog or spayed bitch ..... 4,00
- (cc) For each additional male dog or spayed bitch ..... 10,00

(ii) *Unspayed Bitches.*

- (aa) For the first unspayed bitch ..... 8,00
- (bb) For the second unspayed bitch ..... 15,00
- (cc) For each additional unspayed bitch ..... 20,00

(iii) For the purpose of subparagraph (i) a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has been spayed, shall be submitted.”.

PB. 2-4-2-33-62

Administrator's Notice 639 27 June, 1979

MACHADODORP MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD STANDING ORDERS.

The Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 1049, dated 16 October 1968, having been adopted by the Village Council of Machadodorp by Administrator's Notice 19, dated 2 January 1975, the Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the said Council has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the said standing orders, published under Administrator's Notice 307, dated 21 March 1979, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-86-62

Administrateurskennisgewing 640 27 Junie 1979

Objections, if any, to the proclamation of the proposed road must be lodged in writing in duplicate with the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria and with the Town Clerk, P.O. Box 217, Roodepoort not later than 6 August, 1979.

**C. J. VOIGT,**  
Act. Town Clerk.

20 June, 1979.  
Notice No. 26/1979.

**SCHEDULE.**

A road of varying width over Portion 148, the Remaining Extent of Portion 2, the Remaining Extent of Portion 7 and Portion 95 of the Farm Paardekraal 226-I.Q. as will more fully appear from diagram No. S.G. A.5959/77.

455-20-27-4

**PLAASLIKE BESTUUR VAN WESTONARIA.**

**KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGS-LYS AANVRA.**

Kennis word hierby ingevolge artikel 12(1)(a) van die Ordonnansie op Eien-domsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1979/82 oop is vir inspeksie by die kantoor van die plaaslike bestuur van Westonaria vanaf 20 Junie tot 23 Julie 1979 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys opgeteken soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog in te dien insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van Eien-domsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n

beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

**J. H. VAN NIEKERK,**  
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,  
Van Riebeeckstraat,  
Westonaria.

20 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 23/1979.

**LOCAL AUTHORITY OF WESTONARIA.**

**NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL.**

Notice is hereby given in terms of section 12(1)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that the provisional valuation roll for the financial years 1979/82 is open for inspection at the office of the Local Authority of Westonaria from 20 June to 23 July 1979 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorder in the provisional valuation roll as contemplated in section 10 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

**J. H. VAN NIEKERK,**  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Van Riebeeckstraat,  
Westonaria.

20 June, 1979.  
Notice No. 23/1979.

464-20-27

**STADSRAAD VAN BOKSBURG.**

**VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN CALLALAN, WITFIELD EN 'N GEDEELTE VAN RAVENSWOODWEG EN VERVREEMDING VAN GESLOTE GEDEELTE VAN CALLALAN.**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (No. 17 van 1939) soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg van voorneme is om die mees oostelike gedeelte van Callalaan, tussen Erwe 145 en 87/RG Witfield asook daardie gedeelte van Ravenswoodweg ten weste van Trichardtsweg tot by Rietfonteinweg met uitsluiting van die gedeelte wat oor Gedeeltes 43, 90, 177, 202 en 218 Klipfontein No. 83-I.R., strek, permanent te sluit.

Die Raad is ook van voorneme om die gedeelte van Callalaan wat permanent gesluit staan te word ingevolge die bepalings van artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (No. 17 van 1939) aan die eienaar van die aangrensende Erf 145, Lilianton, te vervreem.

'n Plan waarop die betrokke straatgedeeltes aangedui word sal gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van 60 dae vanaf datum van hierdie kennisgewing in Ka-

mer No. 108, Eerste Vloer, Stadhuis, Boksburg ter insae lê.

Persone wat teen die voorgestelde sluiting of vervreemding beswaar wil maak of 'n eis om skadevergoeding wil instel moet die beswaar of eis skriftelik aan die ondergenoemde, uiterlik op Woensdag, 27 Augustus 1979 lewer.

**LEON FERREIRA,**  
Stadsklerk.

Stadhuis,  
Boksburg.

27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 24/1979.

**TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.**

**PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF CALLA AVENUE, WITFIELD AND A PORTION OF RAVENSWOOD ROAD AND PROPOSED ALIENATION OF THE CLOSED PORTION OF CALLA AVENUE.**

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance (No. 17 of 1939), as amended, that the Town Council of Boksburg intends closing permanently the eastern portion of Calla Avenue in Witfield between Erven 145 and RE/87 Witfield, and also that portion of Ravenswood Road to the west of Trichardts Road up to Rietfontein Road with the exception of the portion that passes over Portions 43, 90, 177, 202 and 218 Klipfontein No. 83-I.R.

It is also the intention of the Council in terms of section 79(18) of the Local Government Ordinance (No. 17 of 1939) to alienate the portion of Calla Avenue when permanently closed to the owner of the adjoining Erf 145, Lilianton.

A plan showing the street portions to be closed will lie for inspection during normal office hours for a period of 60 days from the date of this Notice in Room No. 108, First Floor, Town Hall, Boksburg.

Any person who wishes to object to the proposed closing, alienation or who may have any claim for compensation if such closing is carried out, must lodge such objection or claim in writing with the undersigned, not later than Wednesday, 27 August, 1979.

**LEON FERREIRA,**  
Town Clerk.

Town Hall,  
Boksburg.

27 June, 1979.  
Notice No. 24/1979.

474-27

**STADSRAAD VAN BRITS.**

**WYSIGING, AANNAME EN HERROEPING VAN VERORDENINGE.**

Daar word ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Brits van voorneme is om—

- (a) die Stadsaalverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 566 van 7 September 1949, soos gewysig, te wysig deur voorsiening te maak vir die gedeeltelike terugbetaling van huur-gelde in sekere omstandighede;
- (b) die Reglement van Orde deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 378 van 16 April 1969, te wysig deur die wysiging afgekondig by Admi-

nistrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, aan te neem; en

- (c) die Kapitaalontwikkelingsfondsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 492 van 13 Julie 1966, te herroep aangesien hierdie verordeninge uitgedien is.

Afskrifte van bogenemelde wysigings lê ter insae by Kamer 20, Departement van die Stadsekretaris, Stadhuis, Brits, vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Offisiële Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant, by ondergenoemde indien.

A. J. BRINK,  
Stadsklerk.

Stadhuis,  
Posbus 106,  
Brits  
0250,  
27 Junie 1979,  
Kennisgewing No. 28/1979.

### TOWN COUNCIL OF BRITS.

#### AMENDMENT, ADOPTION AND REVOCATION OF BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brits intends to—

- (a) amend the Town Hall By-laws, published under Administrator's Notice 566, dated 7 September, 1949, as amended, to provide for the refunding of rental in certain circumstances;
- (b) amend the Standing Orders By-laws adopted by the Council under Administrator's Notice 378, dated 16 April 1969, by the adoption of the amendment published under Administrator's Notice 307 dated 21 March, 1979; and
- (c) revoke the Capital Development Fund By-laws published under Administrator's Notice 492, dated 13 June 1966, as these by-laws are now obsolete.

Copies of the abovementioned amendments are open for inspection at Room 20, Department of the Town Secretary, Municipal Offices, Brits, for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Official Gazette.

Any person who has any objection to the proposed amendments must lodge his objection in writing with the undermentioned within fourteen (14) days as from the date of publication of this notice in the Official Gazette.

A. J. BRINK,  
Town Clerk.

Town Hall,  
P.O. Box 106,  
Brits  
0250,  
27 June, 1979,  
Notice No. 28/1979.

### MUNICIPALITEIT CARLETONVILLE.

#### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE STANDAARD REGLEMENT VAN ORDE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96 van die Ordonnan-

sie op Plaaslike Bestuur No. 17/1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Carletonville van voorneme is om die Standaard Reglement van Orde te wysig, ten einde dit in ooreenstemming te bring met die wysigings wat deur die Departement van Plaaslike Bestuur afgekondig is.

Die voorgestelde wysiging lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, Municipale Kantoor, Halitestraat, Carletonville gedurende kantoorure.

Enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil maak moet sy beswaar skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as Vrydag, 9 Julie 1979.

J. F. DE LANGE,  
Stadsklerk.

Municipale Kantoor,  
Posbus 3,  
Carletonville,  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 29/1979.

### MUNICIPALITY OF CARLETONVILLE.

#### PROPOSED AMENDMENT OF THE STANDARD STANDING ORDERS.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend the Standard Standing Orders in order to bring it in line with the amendments promulgated by the Director of Local Government.

The proposed amendment lies for inspection in the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Halite Street, Carletonville, during office hours.

Any person who wishes to object to the proposed amendment, must lodge his objection in writing, with the undersigned not later than Friday, 9 July, 1979.

J. F. DE LANGE,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 3,  
Carletonville,  
27 June, 1979,  
Notice No. 29/1979.

476-27

### DORPSRAAD VAN DULLSTROOM.

#### KENNISGEWING WAT BESWAAR TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS AANVRA.

Kennis word hierby ingevolge artikel 12(1)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van die Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee, dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjaar 1979/83 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Dorpsraad van Dullstroom vanaf 20 Junie 1979 tot 18 Julie 1979 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys opgeteken, soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hier-

onder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J. J. KITSHOFF,  
Stadsklerk.

Dullstroom Dorpsraad,  
Posbus 1,  
Dullstroom 1110,  
27 Junie 1979.

### DULLSTROOM VILLAGE COUNCIL.

#### NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL.

Notice is hereby given in terms of section 12(1)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that the provisional valuation roll for the financial years 1978/83 is open for inspection at the office of the Town Clerk of Dullstroom from 20 June to 18 July 1979 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional roll as contemplated in section 10 of the said Ordinance, including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom, or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J. J. KITSHOFF,  
Town Clerk.

Dullstroom Village Council,  
P.O. Box 1,  
Dullstroom,  
27 June, 1979.

477-27

### STADSRAAD VAN EDENVALE.

#### VOORGESTELDE NUWE BUSROETE VIR BLANKES NA DIE EDENVALE HOSPITAAL.

Ooreenkomstig die bepalinge van artikel 65 bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die volgende nuwe busroete in te stel:—

Vertrek om 08h30 vanaf die St. Annes Ouethuis op die hoek van Horwoodstraat en Van Riebeecklaan, Van Riebeecklaan, Pad P91-1 tot by die Edenvale Hospitaal, asook die retoerit om 13h00.

Die bestaande stilhouplekke in Van Riebeecklaan sal gebruik word.

'n Plan wat die voorgestelde nuwe roete weergee en die betrokke Raadsbesluit lê ter insae by Kantoor No. 336, Municipale Kantore, Edenvale vir 'n tydperk van een-twintig (21) dae vanaf datum van publikasie hiervan en enige iemand wat beswaar teen die Raad se voorneme wil aan-

teken moet dit skriftelik nie later, nie as 17 Julie 1979 by die Stadsklerk indien.

P. J. G. VAN R. VAN OUDTSHOORN,  
Stadsklerk  
Munisipale Kantore,  
Posbus 25,  
Edenvale,  
1610.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 34/1979.

**EDENVALE TOWN COUNCIL.**

**PROPOSED NEW BUS ROUTE FOR WHITES TO THE EDENVALE HOSPITAL.**

Notice is hereby given in terms of section 65 bis of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council intends to implement the following new bus route:—

Depart at 08h30, from the St. Annes Home for Aged Ladies on the corner of Horwood Street and Van Riebeeck Avenue, Van Riebeeck Avenue, Road P91-1 to the Edenvale Hospital and also the return journey, at 13h00.

The present stopping places along Van Riebeeck Avenue shall be used.

A plan indicating the proposed new route and the relevant Council resolution is open for inspection at Room 336, Municipal Offices, Edenvale for a period of twenty one (21) days, from the date of publication of this notice and anyone desiring to object against the Council's intention, should do so in writing to the Town Clerk not later than the 17th July 1979.

P. J. G. VAN R. VAN OUDTSHOORN,  
Town Clerk.  
Municipal Offices,  
P.O. Box 25,  
Edenvale  
1610.  
27 June, 1979,  
Notice No. 34/1979.

478—27

**STADSRAAD VAN EDENVALE.  
VERVREEMDING VAN GROND.**

Hiermee word kragtens die bepaling van artikel 79(18), van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van voorneme is om, onderworpe aan die toestemming van van die Administrateur, Gedeeltes 10 en 16 van Erf 92, Edendale, by wyse van tender te vervreem.

Die Raad se besluit in verband met die voorgename vervreemding lê vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van hierdie kennisgewing gedurende gewone kantoorure by Kantoor 346, Munisipale Kantore, Tiende Laan, Edenvale, ter insae.

Persone wat teen die voorgename vervreemding beswaar wil aanteken, moet sodanige beswaar skriftelik by die Stadsklerk indien voor 12 Julie 1979.

P. J. G. VAN OUDTSHOORN,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 25,  
Edenvale  
1610.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 31/1979.

**TOWN COUNCIL OF EDENVALE.  
ALIENATION OF LAND.**

Notice is given in terms of the provision of section 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the intention of the Town Council, subject to the consent of the Administrator, to alienate Portions 10 and 16, of Erf 92, Edendale, by tender.

The Council's resolution regarding the proposed alienation will be open for inspection during normal office hours at Room 346, Municipal Offices, Tenth Avenue, Edenvale, for a period of fourteen days from date of this notice.

Persone who wish to object to the proposed alienation must lodge such objection in writing, with the Town Clerk, not later than 12 July, 1979.

P. J. G. VAN OUDTSHOORN,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 25,  
Edenvale  
1610.  
27 June, 1979.  
Notice No. 31/1979.

479—27

**STAD GERMISTON.**

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE GERMISTONSE DORPSBEPLANNINGSKEMA NO. 1.**

Die Stadsraad van Germiston het 'n wysigingsontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat dorpsbeplanningskema No. 1 sal wysig.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel:—

Die wysiging van die gebruiksindeeling van Erwe 701, 702, 717, 718, 719, 720, 721, 722, 723, 724, 725, 726 en gedeelte van St. Julienweg, Delville van "Bestaande Openbare Oop Ruimte" na "Spesiaal" vir die doelgindes van groepsbehuising.

Geregistreerde Eienaar: Stadsraad van Germiston.

Besonderhede en planne van hierdie skema lê ter insae by die Raad se Kantore, Kamer 118, Munisipale Gebou, Presidentstraat, Germiston, gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van vier (4) weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 27 Junie 1979.

Die Raad sal dié skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word al dan nie.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die gebied van die Germistonse Dorpsbeplanningskema No. 1 of binne twee km van die grens daarvan het die reg om teen dié skema, beswaar te maak of om vertoe ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Raad binne vier (4) weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 27 Junie 1979 skriftelik van sodanige beswaar of vertoe, in kennis stel en vermeld of hy deur die Raad gehoor wil word al dan nie.

H. J. DEETLEFS,  
Stadsekretaris.

Munisipale Kantore,  
Germiston.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 62/1979.

**CITY OF GERMISTON.**

**PROPOSED AMENDMENT TO THE GERMISTON TOWN-PLANNING SCHEME NO. 1.**

The City Council of Germiston has prepared a draft amendment town-planning scheme which will amend Town-planning Scheme No. 1.

The draft scheme contains the following proposals:—

The amendment of the use zoning of Erven 701, 702, 717, 718, 719, 720, 721, 722, 723, 724, 725, 726 and portion of St. Julien Road, Delville Township from "Existing Public Open Space" to "Special" for the purpose of group housing.

Registered Owner: City Council of Germiston.

Particulars and plans of this scheme are open for inspection at the Council's offices, Room 118, Municipal Buildings, President Street, Germiston, during normal office hours, for a period of four (4) weeks from the date of the first publication of this notice, which is 27 June 1979.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Germiston Town-planning Scheme No. 1 or within two km of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof, and if he wishes to do so he shall, within four (4) weeks of the first publication of this notice, which is, 27 June, 1979, inform the Council in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Council.

H. J. DEETLEFS,  
Town Secretary.

Municipal Offices,  
Germiston.  
27 June, 1979.  
Notice No. 69/1979.

480—27—4

**DORPSRAAD VAN HARTBEEFONTEIN.**

**WYSIGING EN HERROEPING VAN VERORDENINGE.**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepaling van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Hartbeesfontein van voorneme is om:

1. Die wysiging van die Standaard Reglement van Orde afgekondig by Administrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, te aanvaar.

2. Die verordeninge van die Regulering van die Kapitaalontwikkelingsfonds van die Dorpsraad van Hartbeesfontein afgekondig by Administrateurskennisgewing 883 van 28 Mei 1975, te herroep.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging of herroeping van genoemde verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftelik aan die Stadsklerk rig binne 14 dae

na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

O. J. S. OLIVIER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 50,  
Hartbeesfontein.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 7/1979.

VILLAGE COUNCIL OF HARTBEES-  
FONTEIN.  
AMENDMENT AND REVOCATION OF  
BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council of Hartbeesfontein intends to:

1. Adopt the amendment of the Standard Standing Orders published under Administrator's Notice 307 dated 21 March, 1979.

2. Revoke the By-laws for Regulating the Capital Development Fund of the Hartbeesfontein Village Council published under Administrator's Notice 883 dated 28 May, 1975.

Copies of the amendments are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the amendment or revocation of the said by-laws, must do so in writing to the Town Clerk within 14 days of the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

O. J. S. OLIVIER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 50,  
Hartbeesfontein.  
27 June, 1979.  
Notice No. 7/1979.

481—27

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP.  
EIENDOMSBELASTING 1979/80.

Hiermee word bekend gemaak dat die Stadsraad van Krugersdorp, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die ondervermelde belasting gehef het op die waarde van belasbare eiendom binne die munisipale gebied soos op die waarderingsslys voorkom, ingevolge die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, No. 11 van 1977:

- (a) 'n Algemene eiendomsbelasting van 4 sent (vier sent) in die rand (R1) op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipale gebied, soos dit in die huidige waarderingsslys voorkom, met dien verstande dat 'n korting van 12,5% (twaalf komma vyf persent) toegestaan word op eiendom gesoneer as "Nywereid" en 30% (dertig persent) op eiendom gesoneer as "Spesiale Woon", "Algemene Woon" en "Landbougrond".
- (b) 'n Belasting van 1,67 sent (een komma ses sewe sent) in die rand (R1) op die waarde van verbeterings geleë op grond kragtens myntitel gehou wat nie grond in 'n goedgekeurde dorp is nie en waar sodanige grond vir woondoelindes of vir doeleindes wat nie tot mynbedry-

wighede bykomstig is nie, deur iemand wat betrokke is in mynbedrywighede of sodanige persoon die houer van die myntitel is al dan nie, gebruik word.

- (c) Dat die belasting van grondeienaarslisensiebelang, betaalbaar ingevolge en op die wyse soos uiteengesit in artikel 25 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture No. 11 van 1977, soos gewysig, op 20% (twin-tig persent) neergelê word.
- (d) Dat die belasting op 'n erf wat gekonsolideer is uit twee of meer erwe wat verskillend gesoneer is, bereken word op die sonering wat die hoogste belasbare waarde het.

Die belasting wat hierby opgelê word, raak verskuldig op 1 Julie 1979 en is betaalbaar in tien gelyke paaiemente.

Indien die eiendomsbelasting wat hierby opgelê word, in enige geval nie op die datum waarop dit verskuldig is, betaal word nie, word daar rente gehef teen die koers van agt persent (8%) per jaar.

Alle belastingbetalers wat geen rekeninge vir die bogemelde belasting ontvang nie, word aangeraai om die Departement van die Stadtesourier daarvan in kennis te stel, aangesien die nie-ontvangs van rekeninge niemand vrystel van die aanspreeklikheid vir betaling nie.

J. J. L. NIEUWOUDT,  
Stadsklerk.

27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 54/1979.

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP.  
ASSESSMENT RATES 1979/80.

Notice is hereby given that the Town Council of Krugersdorp has imposed, subject to the approval of the Administrator, the undermentioned rates on the value of rateable land within the municipal area as appearing on the Valuation Roll in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 11 of 1977:

- (a) A general rate of 4 cent (four cent) in the rand (R1) on the site value of land within the municipal area as appearing in the Valuation Roll, provided that a rebate of 12,5% (twelve comma five per cent) is granted on rates imposed on all property zoned for "Industrial" and 30% (thirty per cent) on all property zoned for "Special Residential", "General Residential" and "Agricultural".
- (b) A rate of 1,67 cent (one comma six seven cent) in the rand (R1) on the value of any improvements situate upon land held under mining title, not being land in an approved township, where such land is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations by a person engaged in mining operations whether such person is the holder of the mining title or not.
- (c) A freeholder's licence interest payable in terms of provisions of section 25 of the Local Authorities Rating Ordinance No. 11 of 1977, as amended, of 20% (twenty per centum).
- (d) The rate payable on an erf consolidated from two or more erven differently

zoned, shall be calculated on the highest rateable zoning.

The rates hereby imposed become due on 1 July, 1979 and are payable in ten equal instalments.

In any case where the rates hereby imposed are not paid on the due date, interest will be charged at the rate of eight per cent (8%) per annum.

All ratepayers who do not receive accounts for the above-mentioned rates, are requested to notify the Town Treasurer's Department as the non-receipt of accounts does not relieve anybody of liability for payment.

J. J. L. NIEUWOUDT,  
Town Clerk.

27 June, 1979.  
Notice No. 54/1979.

482—27

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN MUNSIELAAN, KRUGERSDORP.

Kragtens die bepalinge van artikel 68 geles met artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Krugersdorp besluit het om behoudens die goedkeuring van die Administrateur, Munsielaan suid van Halsestraat, Krugersdorp permanent te sluit.

Enigiemand wat beswaar wil maak teen die voorgestelde sluiting of enige eis vir skadevergoeding wil instel, moet die beswaar of eis soos die geval mag wees, voor of op 27 Augustus 1979 skriftelik by die ondergetekende indien.

J. J. L. NIEUWOUDT,  
Stadsklerk.

Posbus 94,  
Krugersdorp.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 51/1979.

KRUGERSDORP MUNICIPALITY.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF  
A PORTION OF MUNSIE AVENUE,  
KRUGERSDORP.

Notice is hereby given in terms of section 68 read with section 67 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Krugersdorp resolved that subject to the Administrator's consent Munsie Avenue south of Halse Street, Krugersdorp be permanently closed.

Any person wishing to lodge an objection against the proposed closing or to submit any claim if such closing is carried out, must lodge his objection or claim, as the case may be, with the undersigned in writing on or before 27 August, 1979.

J. J. L. NIEUWOUDT,  
Town Clerk.

P.O. Box 94,  
Krugersdorp.  
27 June, 1979.  
Notice No. 51/1979.

483—27

**STADSRAAD VAN LYDENBURG.**

**WYSIGING VAN STANDAARDREGLEMENT VAN ORDE.**

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Lydenburg van voornemens is om die Standaard Reglement van Orde van toepassing op die Stadsraad van Lydenburg afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 132 van 26 Februarie 1969 te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om probleme in verband met moontlike onduidelikhede wat met verloop van tyd ondervind is, uit die weg te ruim en ook om vir ander gebeurlikhede voorsiening te maak.

Afskrifte van hierdie wysiging, lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te token, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

J. M. A. DE BEER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 61,  
Lydenburg.  
1120.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 24/1979.

**TOWN COUNCIL OF LYDENBURG.**

**AMENDMENT TO STANDARD STANDING ORDERS.**

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Lydenburg proposes to amend the Standard Standing Orders of the Lydenburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 182 dated 26 February, 1969.

The general purport of this amendment is aimed mainly at eliminating problems which have in the course of time been experienced as a result of ambiguity, and to make provision for other contingencies.

Copies of this amendment are open to inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J. M. A. DE BEER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 61,  
Lydenburg.  
1120.  
27 June, 1979.  
Notice No. 24/1979.

484-27

**STADSRAAD VAN LYDENBURG.**

**EIENDOMSBELASTING 1979/80.**

Kennis word hiermee gegee dat die Stadsraad van Lydenburg kragtens die be-

palings van die Plaaslike Bestuur Belasting-ordonnansie No. 11 van 1977, die volgende belasting heffing vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980, op die waarde van belasbare eiendom binne die munisipale gebied soos aangedui in die waarderingslys te wete:

- (i) 'n Algemene belasting van 0,3 sent (0,3c) in die rand (R) op die terreinwaarde van belasbare eiendom volgens die waarderingslys;
- (ii) onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur 'n addisionele belasting van 4,5 sent (4,5c) in die rand (R) op die terreinwaarde van belasbare eiendom soos dit verskyn in die waarderingslys.

Ook word hiermee kennis gegee dat 1/12de van die bogemelde belastings op of voor 15 Julie 1979 en die oorblywende 11/12des in 11 gelyke paaiemente gedurende die daaropvolgende 11 maande voor of op die 15de dag van elke maand verskuldig en betaalbaar is.

Rente teen 8 % per jaar word gehef op belastings wat nie op die vervaldatum betaal is nie.

Belastingbetalers wat nie rekenings ten opsigte van die belasting hierbo genoem ontvang nie, word versoek om met die Stadstoesourier in verbinding te tree, aangesien die nie-ontvangs van 'n rekening niemand van aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige belasting vrywaar nie.

'n Kortings van 30,66 % word toegestaan op belasting ten opsigte van belasbare eiendomme wat as Residensieel I en Opvoedkundige doeleindes ingevolge die Raad se voorlopige dorpsbeplanningskema (Kaart 2) gesoneer is, asook alle ander eiendomme wat vir ander gebruike gesoneer is en waarop 'n enkelwooneenheid opgerig is wat as sodanig gebruik word.

J. M. A. DE BEER,  
Stadsklerk.

Posbus 61,  
Lydenburg.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 27/1979.

**TOWN COUNCIL OF LYDENBURG.**

**ASSESSMENT RATES 1979/80.**

Notice is hereby given that the Town Council of Lydenburg has, in terms of the Local Government Rating Ordinance No. 11 of 1977, imposed the following rates on the value of all rateable property within the municipal area as appearing on the valuation roll, for the financial year 1 July, 1979 to 30 June, 1980, viz:

- (i) A general rate of 0,3 cent (0,3c) in the rand (R) on site value of rateable property appearing on the valuation roll.
- (ii) Subject to the approval of the Honourable the Administrator, an additional rate of 4,5 cent (4,5c) in the rand (R) on the site value of rateable property appearing on the valuation roll.

Notice is also hereby given that 1/12th of the assessment rates referred to above is due payable on or before 15 July, 1979 and the remaining 11/12ths in eleven equal instalments on or before the 15th of each

and every succeeding month for eleven months.

Interest at the rate of 8 per cent per annum will be charged on all arrear rates.

Ratepayers who do not receive accounts in respect of the assessment rates referred to above are requested to communicate with the Town Treasurer as the non-receipt of accounts shall not exempt any person from liability for payment of such rates.

A discount of 30,66 % is allowed on assessment rates in respect of rateable property which is zoned as Residential I and Educational purposes in terms of the Council's interim town-planning scheme (Map 2) as well as all other properties which are zoned for other uses and whereon a single dwelling unit is erected which is being used as such.

J. M. A. DE BEER,  
Town Clerk.

P.O. Box 61,  
Lydenburg.  
27 June, 1979.  
Notice No. 27/1979.

485-27

**STADSRAAD VAN LYDENBURG.**

**WYSIGING VAN VERORDENINGE.**

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalinge van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Lydenburg van voornemens is om die Kapitaal Ontwikkelingsfondsverordeninge aangeneem by Administrateurskennisgewing 557 van 18 September 1963 te herroep met ingang 1 Julie 1979.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wil aanteken moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

J. M. A. DE BEER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 61,  
Lydenburg.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 25/1979.

**TOWN COUNCIL OF LYDENBURG.**

**AMENDMENT TO BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Lydenburg intends to revoke the Council's Capital Development Fund By-laws adopted by the Council under Administrator's Notice 557 of 18 September, 1963 with effect from 1 July, 1979.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the office of the Council for a period of 14 days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the proposed amendments must do so in writing to the undersigned within

14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J. M. A. DE BEER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 61,  
Lydenburg.  
27 June, 1979.  
Notice No. 25/1979.

486-27

**DORPSRAAD VAN MARBLE HALL.  
EIENDOMSBELASTING 1979/1980.**

Kennis word hierby gegee ooreenkomstig die bepalings van artikel 24 van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die volgende eiendomsbelasting gehef word op die terreinwaarde van alle belasbare eiendom geleë binne die Munisipaliteit van Marble Hall en soos aangedui op die Waardasierol, vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980:

- (i) 'n Oorspronklike belasting van nul komma vyf sent (0,5c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.
- (ii) 'n Addisionele belasting van twee komma vyf sent (2,5c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.
- (iii) 'n Verdere addisionele belasting van ses komma sewe vyf sent (6½c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond, soos goedgekeur deur die Administrateur.

Kennis geskied verder dat die voormelde belasting betaalbaar is in tien gelyke paaiemente op die volgende datums—

- 1 Augustus 1979.
- 1 September 1979.
- 1 Oktober 1979.
- 1 November 1979.
- 1 Desember 1979.
- 1 Januarie 1980.
- 1 Februarie 1980.
- 1 Maart 1980.
- 1 April 1980.
- 1 Mei 1980.

Indien die belasting hierby gehef nie op die betaaldatum soos hierbo genoem, betaal word nie, word 'n boeterente teen agt persent (8%) per jaar gehef, bereken vanaf 1 Julie 1979.

Belastingbetalers wat in gebreke bly om enige van hulle maandeikse paaiemente te betaal verbeur die vergunning om maandeliks te betaal en moet die volle bedrag wat nog verskuldig is ten opsigte van die finansiele jaar se belastingheffing, binne 30 dae betaal sonder verdere kennisgewing.

Geregte stappe sal summier in gevalle van wanbetaling ingestel word.

F. H. SCHOLTZ,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 111,  
Marble Hall.  
0450.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 4/1979.

**VILLAGE COUNCIL OF MARBLE HALL.**

**ASSESSMENT RATES 1979/1980.**

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the following assessment rates are levied on the site value of rateable property within the Municipality of Marble Hall, as appearing on the Valuation Roll for the financial year 1 July, 1979 to 30 June, 1980:

- (i) An original rate of nil decimal five cents (0,5c) in the rand (R1) on site value of land.
- (ii) An additional rate of two decimal five cents (2,5c) in the rand (R1) on site value of land.
- (iii) A further additional rate of six decimal seven five cents (6½c) in the rand (R1) on site value of land, as approved by the Administrator.

Notice is hereby further given that the abovementioned rates are payable in ten equal instalments on the following dates—

- 1 August, 1979.
- 1 September, 1979.
- 1 October, 1979.
- 1 November, 1979.
- 1 December, 1979.
- 1 January, 1980.
- 1 February, 1980.
- 1 March, 1980.
- 1 April, 1980.
- 1 May, 1980.

If the rates hereby imposed are not paid on the dates specified above, penalty interest will be charged at a rate of eight per cent. (8%) per annum, calculated as from 1 July, 1979.

Ratepayers who fail to pay their monthly instalments will forfeit the concession to pay their accounts monthly in which case the full amount outstanding in respect of the financial year's assessment rate levy, will become payable within 30 days without further notice.

Summary legal proceedings will be instituted in cases of non-payment.

F. H. SCHOLTZ,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 111,  
Marble Hall.  
0450.  
27 June, 1979.  
Notice No. 4/79.

487-27

**PLAASLIKE BESTUUR VAN MEYERTON.**

**KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSHOF OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN TUSSENTYDSE WAARDERINGSGLYS VIR DIE JARE 1976/79 AAN TE HOOR.**

Kennis word hierby ingevolge artikel 13 en 16 van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie, 1933 (Ordonnansie 20 van 1933), gegee dat die eerste sitting van die waarderingshof op 18 Julie 1979 om 09h00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Raadsaal  
Stadhuis  
Presidentplein  
Meyerton

om enige beswaar tot die tussentydse waarderingsslys vir die boekjare 1976/79 te oorweeg.

J. H. DU TOIT,  
Sekretaris: Waarderingshof.

27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 250.

**LOCAL AUTHORITY OF MEYERTON.**

**NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION COURT TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF INTERIM VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1976/79.**

Notice is hereby given in terms of sections 13 and 16 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933 (Ordinance 20 of 1933), that the first sitting of the valuation court will take place on 18 July, 1979 at 09h00 and will be held at the following address:

Council Chamber  
Town Hall  
President Square  
Meyerton

to consider any objection to the interim valuation roll for the financial years 1976/79.

J. H. DU TOIT,  
Secretary: Valuation Court.

27 June, 1979.  
Notice No. 250.

488-27

**PLAASLIKE BESTUUR VAN MEYERTON.**

**KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE WAARDERINGSGLYS VIR DIE JARE 1979/82 AAN TE HOOR.**

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingraad op 18 Julie 1979 om 09h00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Raadsaal  
Stadhuis  
Presidentplein  
Meyerton

om enige beswaar tot die voorlopige waarderingsslys vir die boekjare 1979/82 te oorweeg.

J. H. DU TOIT,  
Sekretaris Waarderingsraad.

27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 251.

**LOCAL AUTHORITY OF MEYERTON.**

**NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1979/82.**

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the valuation board will take place on 18 July, 1979 at

09h00 and will be held at the following address:

Council Chamber  
Town Hall  
President Square  
Meyerton

to consider any objection to the provisional valuation roll for the financial years 1979/82.

J. H. DU TOIT,  
Secretary: Valuation Board.

27 June, 1979.  
Notice No. 251.

489-27

**MUNISIPALITEIT PHALABORWA.**

**WYSIGING VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE.**

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Raad voornemens is om die Standaard-Reglement van Orde te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is hoofsaaklik daarop gemik om probleme in verband met moontlike onduidelikhede wat met verloop van tyd ondervind is, uit die weg te ruim, en ook om vir ander gebeurlikhede voorsiening te maak.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

O. SOMERS,  
Waarnemende Stadsklerk.

Posbus 67,  
Phalaborwa.  
1390.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 22/1979.

**MUNICIPALITY OF PHALABORWA.**

**AMENDMENTS TO STANDARD STANDING ORDERS.**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Council intends amending the Standard Standing Orders.

The general purport of these amendments is aimed mainly at eliminating problems which have in the course of time been experienced possibly as a result of ambiguity, and to make provision for other contingencies.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the proposed amendments must do so in writing to the undersigned within

fourteen (14) days of publication of this notice in the Provincial Gazette.

O. SOMERS,  
Acting Town Clerk.

P.O. Box 67,  
Phalaborwa.  
1390.

27 June, 1979.  
Notice No. 22/1979.

490-27

**STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.**

**VERSKUIWING VAN BUSHALTE.**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 65bis van Ordonnansie 17 van 1939 dat die Stadsraad van Potchefstroom van voorneme is om die Nie-Blanke bushalte, huidige regeer die Polisiewoonstelle aan die oostekant van Kerkstraat, te verskuif na die suidkant van Maherrypark.

Volledige besonderhede en 'n sketsplan hiervan lê ter insae by die Munisipale Kantore (Kamer 311), Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 21 dae na publikasie hiervan; naamlik 27 Junie 1979.

Besware moet skriftelik by ondergetekende ingedien word. Indien geen beswaar ontvang word nie, sal die bushalte ingebruik geneem word na verstryking van 21 dae na publikasie hiervan.

S. H. OLIVIER,  
Stadsklerk.

27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 51.

**TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.**

**MOVING OF BUS STOP.**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 65bis of Ordinance 17 of 1939, that the Town Council of Potchefstroom intends to move the Non-White bus stop, presently opposite the Police Flats on the east side of Kerk Street, to the south side of Maherry Park.

Full particulars and a sketch plan are available at the Municipal Offices (Room 311), Wolmarans Street, Potchefstroom, for 21 days after publication hereof, namely 27 June, 1979.

Objections should be lodged in writing with the undersigned. Should no objections be received, then the bus stop will be used after expiration of 21 days from publication hereof.

S. H. OLIVIER,  
Town Clerk.

27 June, 1979.  
Notice No. 51.

491-27

**MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN.**

**KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGS-LYS AANVRA.**

(Regulasie 5)

Kennis word hierby ingevolge artikel 12(1)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbeasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1979/80 en 1980/81 oop is vir inspeksie by die kantoor van die plaaslike bestuur van Randfontein vanaf 27 Junie 1979 tot 30 Julie 1979 en enige eienaar van belastbare eiendom of ander persoon wat begerig is

om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys opgeteken, soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

C. J. JOUBERT,  
Stadsklerk.

Stadstesourier se  
Departement,  
Stadsaalgebou,  
Stubbsstraat,  
Randfontein.  
27 Junie 1979.  
Kennisgewing No. 27/1979.

**MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN.**  
**NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL ROLL.**

(Regulation 5)

